

Die betekenis en die tekens van Pinkster

Die Heilige Gees en sy werk is ongetwyfeld dié Persoon van God van wie ons normaalweg die minste weet.

- Ons weet selfs dat die Gees van God ons voorsê wat om te doen, en dat Hy ons Leidsman is, maar presies hoe, bly dikwels vir ons 'n vraag.
- Wat ons nog meer kwel, is die feit dat geesdrywery in toenemende mate voorkom in ons tyd.
- Die teologie wat met hierdie dinge ons wêreld intrek, leer dat jou geloof en jou besit van die Heilige Gees gemeet kan word aan die feit dat jy vreemde tale kan spreek – met 'n beroep op Pinkster!
- Sou ons wat nie die vreemde tale spreek nie, dan buite die genade staan?

1. Waarom was die Pinkstergebeure nodig?

Dit het alles by die bou van die toring van Babel begin. Ons lees daarvan in Genesis 11.

En die hele aarde het dieselfde taal gehad en een en dieselfde woorde. (Genesis 11:1 AFR53)

Toe daal die Here neer om die stad en die toring te besien waaraan die mensekinders gebou het. En die Here sê: Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie. Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie. So het die Here hulle dan daarvandaan oor die hele aarde verstrooi; en hulle het opgehou om die stad te bou. Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het die Here die taal van die hele aarde verwar, en daarvandaan het die Here hulle oor die hele aarde verstrooi. (Genesis 11:5-9 AFR53)

2. Die skeiding by die Toring van Babel

2.1 Die doel waarom die mense saam wou bly Genesis 11: 1-9

Na die Sondvloed het die mense mettertyd al meer teen God in verset gekom.

- Hulle verset teen die Here was later so sterk dat hulle besluit het om nie die Here se opdrag dat die mensdom die aarde moet vul, wou nakom nie.
- Om hierdie opdrag van die Here te dwarsboom het hulle die toring van Babel gebou.

2.2 Waar het die mense gebly?

Die nakomelinge van Noag het in die Armeniese gebergtes gewoon.

- Dit was naby die berg Ararat waar die ark tot rus gekom het toe die water begin sak het na die reëns van die Sondvloed.
- Mettertyd het hulle van die berge af na die vlaktes toe getrek.
- Hulle het dit waarskynlik gedoen om vrugbaarder landbougrond te soek.
- Later het hulle in 'n laagte tussen die Eufraat- en Tigrisrivier gevestig. Hierdie laagte is Sinear genoem.

Hier het die gedagte by hulle opgekom om hulle teen die opdrag van die Here te verset.

- Hulle het toe besluit om 'n groot ryk te stig met die stad Babel as middelpunt.
- Daar wou hulle teen die uitdruklike bevel van die Here (Gen. 1:28) bymekaar bly en vir hulle 'n naam maak.
- Hulle wou 'n toring bou waarvan die punt tot aan die hemel raak.
- Hierdie toring moes die mense bymekaar hou sodat hulle nie oor die hele aarde verstrooi word nie.

2.3 God keer hierdie plan en straf hulle.

Natuurlik kon die Here nie sulke opstandigheid verdra of sommer net so laat verbygaan nie. Hierdie opstandigheid was 'n direkte verset teen God se mag. Daarom kon die Here dit nie toelaat nie.

God wou hê dat die mense moes vermenigvuldig en oor die hele aarde woon.

- Hierdie opeenhoping van die mense in Babel sou ingaan teen God se opdrag vir die mense.
- In die bou van so 'n stad het die mense misbruik gemaak van sy gawes, en was hy reeds besig om die gesag van God te misken en om te doen wat hy self wou – presies dit wat die duiwel vir Adam en Eva in die Paradys aangebied het.

Daarom het God hierdie plan gedwarsboom. God het die hoogmoedigheid en verwaandheid van die mense gesien.

- Die Here het neergedaal en hulle taal deurmekaar gemaak.
- Wat normaalweg 'n proses is wat oor 'n lang tyd gebeur, het God hier in een handeling laat gebeur.
- As die een die taal van die ander nie meer kan verstaan nie, gaan die eenheid ook verlore.
- Die naam *Babel* word verklaar uit die spraakverwarring.

Omdat die mense mekaar nie meer verstaan het nie, is gemeenskaplike optrede ook daarmee onmoontlik gemaak.

- Die eenheid was verbreek. Die bouwerk het opgehou. Die mensheid het uitmekaar gegaan, maar groepe mense wat mekaar verstaan het, het in volke, nasionaliteite en ryke bymekaar gekom.
- So het die sondes van die mense tog daarop uitgeloop dat hulle aan God gehoorsaam moes wees.

2.4 Betekenis van die taalverwarring

Met hierdie gebeurtenis het die Here 'n groot verdeeldheid onder die mensdom laat plaasvind.

- Hulle was nie meer verdeel in geloof en ongeloof nie. Onthou hier was almal teen God in verset!
- Hulle was nou verdeel in baie verskillende volke. Elke volk het sy eie taal gepraat.
- Die feit dat daar verskillende volke en tale is, is dus vir ons 'n voortdurende herinnering aan die tyd toe al die mense teen die Here in opstand gekom het, en dat die Here ons op die manier gestraf het.

3. Het die Here met dié gebeurtenis volstaan?

Nee. Die Here is altyd 'n God van genade.

- Daarom het Hy iets belangriks laat gebeur wat weer sy genade vir die mense gewys het.
- Hy het sy Seun gestuur om vir die wat in Hom glo vergifnis van sondes te bewerk.

Die vraag is nou: Hoe sou die mense weet dat die Here hulle verlos het en hoe sou hulle die Here Jesus kon leer ken sodat hulle Hom kan aanbid omdat Hy hulle van al hulle sondes verlos het?

Nog 'n belangriker vraag: Het die Here net vir Jode gesterf?

Die antwoord is: Nee. *Die Here het vir al die mense wat Hom aangeneem het uit al hierdie volke en tale wat na die taalverwarring by Babel ontstaan het, gewys dat Hy uit die mense wat Hy uitmekaargejaag het, weer vir Hom 'n groep (kerk) bymekaarmaak.*

Hy wys dit met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster:

Luister na Handeling 2:

En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is. En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het *gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek*; en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: *Is almal wat daar spreek, dan nie Galileërs nie? En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?*

- *Parthers*
- *en Meders*
- *en Elamiëte*

- en die inwoners van Mesopotámië,
- Judéa
- en Kappadócië,
- Pontus
- en Asië,
- Frigië
- en Pamfilië,
- Egipte
- en die streke van Líbië by Ciréne,
- en Romeine wat hier vertoef,
- Jode en Jodegenote,
- -Kretense
- en Arabiere

– **ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot daad van God spreek.** (Handelinge 2:5-11 AFR53)

Lees net hoe baie keer staan hier: Ons hoor hulle in ons eie taal! Waar Babel tale onvertaanbaar gemaak het en mense gedwing het om te skei, maak Pinkster taalverskille oorkombaar en bring die Here weer mense bymekaar.

4. Waarom laat die Here dit op Pinkster gebeur? Wat is die betekenis van Pinkster?

Pinkster was 'n Joodse fees. Die naam beteken: die vyftigste dag. Dit was 'n fees wat hulle die vyftigste dag na die Paasfees gevier het. Dit was 'n fees wat saam met die oes gegaan het.

- Met Paasfees het hulle die eersteling-gerwe gebring. Dit was die begin van die oestyd.
- Met Pinkster het hulle die eerstelingbrode gebring. Dit was die fees waarmee hulle die oes afgerond het. Hierdie tyd was ook die begin van 'n hele reeks offers wat hulle dan gebring het om aan God die dank te gee vir hulle oes.

Dit is waarom die Here Jesus hierdie selfde fees gebruik om sy Heilige Gees op die dissipels uit te stort.

- **Die uitstorting van die Heilige Gees is die volheid op die werk van Christus soos wat die eerste brode wat gebak is die volheid is op die oes.**
- **Dit het Christus se werk op die aarde afgerond.**
- **Nou bly daar op die aarde nog net een gebeurtenis oor wat deur Christus gedoen gaan word, en dit is die oordeel by die wederkoms.**

Pinkster, en die uitstorting van die Heilige Gees, is dus die afronding van die Here Jesus Christus se kruiswerk.

- Met die kruisiging op die Paasfees was daar net die eersteling van sy oes rondom die kruis. Hulle was die dissipels en nog 'n paar bekeerdes.
- Maar met Pinkster kom die eerste bekeerdes – soos die eerstelingbrode. Daar word op Pinksterdag 3 000 mense gedoop, openbaar die Bybel. Dit is die afronding op Christus se werk, soos wat die betrokke fees die afronding op die oes was.
- Hierdie eerste bekeerdes en eerste dopelinge van Pinkster was die mense wat die kerk moes stig en uitdra die wêreld in. Daarom werk die Heilige Gees direk na die uitstorting van die Gees op Pinksterdag voort in dieselfde lyn.

5. Kyk na die tekens wat voorkom wanneer die Heilige Gees uitgestort word.

5.1 Die eerste tekens is 'n rukwind en vuurtonge.

Dit is tekens wat in die Ou Testament altyd daar is wanneer God gaan oordeel.

- Iets soortgelyks het gebeur toe die Here Elia teruggestuur het om sy werk te gaan doen – met natuurlik ook die noodwendige verskille tussen die twee geleenthede!
- Ons lees daarvan in 1 Konings 19:11-13. Ons sing mos ook in Psalm 68:1:

*As U, o Heer, in mag verskyn,
sal hul soos rook en damp verdwyn,
deur stormwind voortgedrewe.*

Maar met Pinkster het hierdie tekens anders funksioneer. Dit was nie 'n stormwind wat alles weggee het wat voorkom nie.

- Met die uitstorting van die Heilige Gees waai die wind van God – maar die mense waai nie soos kaf weg nie.
- Die vlam – of die vuur van God – brand ook daar, maar die mense word nie verteer nie.
- Waarom is dit so anders as wat dit in die Ou Testament is?
 - Omdat Christus gekruisig is.
 - Die offer van die Seun van God staan tussen ons en die Here.
 - Daar is versoening met die hemelse Vader.

Dit is Pinkster vir ons.

- Pinkster is vir ons ook alleen moontlik na die Paasfees van Christus.
- Die Heilige Gees kan nou in onheilige mense kom woon, want Christus het hulle geheilig in sy bloed.

5.2 Dan kom daar die tweede teken: Die mense spreek in tale.

Die betekenis hiervan is dít:

- Die een Evangelie van Jesus Christus wat vir ons gesterf het, en wat ons voor God rein gemaak het met sy bloed – hierdie een evangelie word in baie tale verkondig.
- Meer volke as net die Jode deel in die verlossing van Jesus Christus – maar in al hierdie verskeidenheid bly daar die eenheid van die Evangelie van Jesus Christus.

Die betekenis van hierdie verskillende tale op die Pinksterdag is naamlik dat die tyd verby is dat God Hom net op Israel toegespits het.

- Die tyd dat alle nasies gelykmatig in God se genade deel, het nou begin.
- Waarom? Omdat Jesus Christus vir sy dissipels gesê het dat die evangelie aan alle nasies verkondig moet word voordat Hy weer kom.
- Die praterij in allerhande tale wat nie gewoonweg aan die dissipels bekend was nie (maar dit was almal bekende tale van daardie tyd!) was dus die waarmaking van Jesus se laaste opdrag, naamlik:

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen. (Matteus 28:19-20 AFR1953)

Die doel van hierdie spreek in verskillende tale was dus spesifiek om die evangelie aan alle nasies te kan verkondig wat tot nou toe nog nie die evangelie gehoor het nie, sodat die toestand voorberei kan word vir Christus se wederkoms.

- *Om hierdie belangrike werk te kon doen, moes die mense wat hierdie taak gehad het, die toerusting van die Heilige Gees hê.*
- *Ons het ook die Heilige Gees ontvang. Omdat ons ook die evangelie verkondig.*
- *Maar by ons ontbreek die tale, omdat ons nie meer tussen vreemdes werk nie, maar tussen ons eie mense.*

6. Is die Pinkstergebeure herhaal?

Ongelukkig is die uitstorting van die Heilige Gees nie so eenvoudig nie. Daar is nog heelwat ander probleme. Ons lees in Handeling méér as een keer van die uitstorting van die Heilige Gees.

- Ons moet dan elke keer baie versigtig lees wat daar staan. Ons lees elke keer van die herhaling van die

- uitstorting van die Heilige Gees wanneer daar as 't ware nog 'n grens oorgesteek word.
- Dit is wanneer daar elke keer 'n nuwe hoogtepunt bereik word. Dit is telkens 'n eggo van Pinkster.

Ons lees dit die eerste keer in Handeling 4:31.

En toe hulle gebid het, is die hele plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees, en het die Woord van God met vrymoedigheid gespreek.

Dit het gebeur toe Petrus en Johannes voor die Joodse Raad was.

- Hier is dit suiwer 'n bevestiging van God uit die hemel om die twee manne se geloof te versterk.
- Daar staan hier baie duidelik in die Bybel dat hierdie twee manne **vervul** is met die Heilige Gees, en nie dat hulle die Heilige Gees **ontvang** het nie. En dit maak 'n groot verskil.
- Hierdie gebeurtenis vind plaas omdat God sy gemeente bemoedig na hulle eerste sterk teëkanting van die Joodse Raad.

Die volgende keer waarvan ons lees, is Handeling 8:17.

- Daar staan dat die Samaritane die hande opgelê is, en dat hulle die Heilige Gees ontvang het.
 - Natuurlik. Dit is om aan die Christene te bevestig dat die Samaritane ook kinders van God is wat deel in al die gawes van die kruis.
- Dit was nodig dat hierdie gebeurtenis moes paasvind, want die mense het die Samaritane gehaat, en daar was 'n bitter vyandskap tussen hulle.
 - Daarom wou die eerste Christene ook nie die evangelie aan die Samaritane verkondig nie.
 - En wanneer die Samaritane nou die Heilige Gees ontvang, breek die kerk van God deur nog 'n grens. Daar kom 'n oorwinning vir God by. Die Samaritane is ook kinders van God.

Dan volg Handeling 10:44.

- Die heidene ontvang die Heilige Gees en spreek in tale.
- Hier steek die kerk nog 'n grens oor deur die krag van die Heilige Gees.
- Die heidene word ook bekeer en kry toegang tot die kerk van God.
- Hulle is destyds "gehate honde" genoem. En nou word hulle medebroeders.

Die volgende keer wat ons daarvan lees, is in Handeling 19:6.

- Hier is Paulus in Efese. En hy ontmoet daar van Johannes die Doper se dissipels. Paulus lê dan die hande op hierdie mense, en die Heilige Gees kom dan op hulle, sodat hulle profeteer en in tale spreek.
- Dit is weer 'n grens wat oorgesteek word. Tot nou toe was daar nog die twee kampe.
 - Die een groep het die doop van Johannes aanvaar, en die ander groep die doop van Jesus Christus.
 - Nou is die volgelinge van Johannes die doper ook opgeneem in die kerk van Jesus Christus.

7. Pinkster praat met ons!

Ons deel in Johannes 14:16:

En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid.

- Christus bid.
- Die Vader gee.
- Hulle bly by ons tot in ewigheid!

Die Heilige Gees is by ons tot in ewigheid.

- Die Heilige Gees woon nou in ons harte want ons is nou die tempel van die Heilige Gees.
- Wie God die Vader as God en Here het, het ook die Here Jesus Christus as Verlosser en die Heilige Gees

as vertrooster.

- Net soos wat die Vader alles tot stand bring, net so sterf Jesus Christus aan die kruis tot versoening van die uitverkorenes.
- En aan hulle almal is die Gees van God eenmaal uitgestort om in die kerk en elke gelowige te regeer.

Laat dit dan in ons lewe gesien word dat ons deur die Here Jesus verlos is, en dat ons en die Heilige Gees in die nouste verbondenheid met mekaar lewe. Almal moet kan sien dat God met ons is.

Dr Thinus du Plessis